

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: 39934/05

DATUM: 15/02/2007

ONRAPORTEERBAAR

In die saak tussen:

**CHRISTINA MARIA MAGDALENA VAN DER
WATT**

Applikante

en

**DIE MEESTER VAN DIE
HOOGGEREGSHOF: PRETORIA**

Eerste
respondent

**EUGENE VENTER N.O.
Eerste Nasionale Batebestuur
en Trustmaatskappy Eiendoms
Beperk
SONJA JORDAAN**

Tweede
respondent

JOHANNES JORDAAN JACOBUS

Derde
respondent
Vierde
respondent

UITSPRAAK

**DUNN,
WR**

[1] Wyle mnr CH Bruyns ("*die oorledene*") het sy testament op 17

Januarie 2005 verly. Oarin het die oorledene vir mev CMM van der Watt ("*die applikante*") aangewys as 'n erfgenaam.

- [2] Volgens die applikante het sy en die oorledene as man en vrou saamgeleef. Daar bestaan egter ietwat van 'n dispuut hieroor, maar ek sal later in meer besonderhede daarmee handel.
- [3] Die testament wat deur die oorledene verly is, voldoen in alle opsigte aan die vereistes vir 'n geldige testament, so os bedoel in die Wet op Testamente, 1953 (Wetrnr 7 van 1953) ("*die Wet op Testamente*"). In besonder is die oorledene se testament deur homself, asook deur twee ander getuies, op elke bladsy Die betrokke geteken. twee getuies was terselfdertyd teenwoordig toe die oorledene dit onderteken het.
- [4] Die applikante het egter as een van die getuies opgetree ten tyde van die ondertekening van die testament. As gevolg daarvan word sy ingevolge artikel 4A(1) van die Wet op Testamente¹ beskou om enige voordeel uit daardie testament te ontvang. Dit is onbevoeg

¹ Artikel 4A(1) van die Wet op Testamente bepaal as volg:

"/emand wat 'n testament as 'n getuie attesteer en onderteken, of wat 'n testament in die teenwoordigheid en in opdrag van die ert/ater onderteken, of wat die testament of enige gedee/te daarvan in sy eie handskrif uitskryf, en die persoon wat tydens die ver/yding van die testament die gade van sodanige persoon is, is onbevoeg om enige voordee/ uit daardie testament te ontvang."

juis om hierdie rede dat die applikante die volgende verklarende bevel in die kennisgewing van mosie uiteengesit, vorder, naamlik:

"1 *Dat 'n bevel verleen word in terme van artikel 4A(2)(a) van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953 dat Christina Maria Magdalena van der Watt [d.L die applikante] nie gediskwalifiseer is om as 'n erfgenaam te erf uit hoofde van die testament van wyle Christiaan Herman Bruyns geteken te Klerksdorp die 17 Januarie 2005 en vanwee haar handtekening van die gemelde testament as 'n getuie daarvan nie.*" [My invoeging].

Die regsposisie is gevolglik dat tensy die applikante daarin slaag om voormelde bevel te verkry sy as't ware gediskwalifiseer is om enige voordele onder die oorledene se testament te ontvang.

[5] Die regshulp wat die applikante vorder, berus op die bepaling van artikel 4A(2)(a) van die Wet op Testamente, wat soos volg lees:

"Ondanks die bepaling van subartikel (1) -

(a kan 'n hof 'n persoon of sy gade bedoel in subartikel (1) bevoeg verklaar om 'n voordeel uit 'n testament te ontvang indien die hof oortuig is dat daardie per soon of sy gade nie die erf/ater by die verlyding van die testament bedrieg of onbehoorlik beïnvloed het nie;"

[6] Die eerste respondent is die Meester van die Hooggeregshof, Pretoria Die eerste respondent opponeer nie die applikante se aansoek nie en berus hom by enige bevinding en bevel wat hierin gemaak mag word.

- [7] Die tweede respondent is die eksekuteur van die oorledene se boedel. Hy opponeer ook nie hierdie aansoek nie. Die eerste en finale likwidasierekening wat deur die tweede respondent geliasseer is toon nie aan dat die applikante 'n erfgenaam is nie. Dit bevat egter 'n nota wat soos volg lees:

"EKSEKUTEURSNOTA:

Meester se endossement op testament aangebring: Christina Maria Magdalena van der Watt mag nie vererf volgens die testament nie aangesien sy dit as getuie onderteken het."

- [8] Die derde en vierde respondente is mev Sonja Jordaan en mnr Johannes Jacobus Jordaan, onderskeidelik die oorledene se dogter en skoonseun. Hulle het 'n kennisgewing van opponering, asook 'n taamlik lywige antwoordende eedsverklaring, afgelewer.

- [9] Die feite wat nie werklik in geskil gepaas is of kan word nie, is kortliks die volgende:

- [9.1] Die applikante en die oorledene het vir die grootste gedeelte van bykans twintig jaar Ek keer binnekort saamgewoon. terug na die aard van hulle saamleefverhouding aangesien daar oor die aard van die saamleefverhouding ietwat van 'n twis is;

- [9.2] Die oorledene het sy testament op 17 Januarie 2005 onderteken in die teenwoordigheid van die applikante en ene mev AM Meyer. Beide van hulle het as getuies opgetree en die testament onderteken in daardie hoedanigheid. Ek moet miskien hier tussenin voeg dat die applikante se getuienis, asook die van mev Meyer, ten aansien van die omstandighede waaronder die testament opgestel en onderteken is, kwalik deur die derde en vierde respondente betwis kan word, omdat geeneen van hulle teenwoordig was kort voor en ten tyde van die ondertekening daarvan nie. Nogtans het hulle dit probeer doen op 'n wyse wat ek in meer besonderhede hieronder uiteensit;
- [9.3] Ten tyde van die ondertekening van sy testament was die oorledene 67 jaar oud en het hy hoofsaaklik goeie gesondheid geniet;
- [9.4] Die oorledene is op 26 Februarie 2005 oorlede, d.i. sowat 39 dae nadat hy 'n operasie op 19 Januarie 2005 ondergaan het om 'n aneurisme aan of in sy aorta te herstel. Alhoewel die operasie goed afgeloop het, het daar skielik onverklaarbare komplikasies ingetree wat uiteindelik afsterwe aanleiding gegee het;

[9.5 Die waarde van die erflating in die oorledene se boedel
] be loop ongeveer R256
476,53.

[10] Wat die aard van die applikante en die oorledene se
saamleefverhouding betref, beweer die applikante dat dit as
man en vrou was. Daarenteen beweer die derde en vierde respondente
dat die verhouding slegs uit In "**ekonomiese reëling**" bestaan
het en dat die oorledene, volgens hulle, deur die applikante uitgebuit
en/of gemanipuleer was. Wat egter insiggewend is van die derde
respondente se bewerings in hierdie verband, is dat daardie
bewerings uitsluitlik berus op wat die oorledene, na bewering,
aan die derde respondente sou vertel het tydens 'n gesprek of
gesprekke wat tussen die twee van hulle sou plaasgevind het. Die rede
waarom ek vermeld dat die derde respondente se getuienis in
hierdie verband insiggewend is, is omdat daar, behalwe vir
een insident, geen feitlike getuienis aangebied is om hierdie
bewerings te onderskraag Die een insident, wat kennelik op die derde
nie. respondente se eie waarneming berus, word soos volg deur
haar in die antwoordende eedsverklaring
beskryf²

² **Antwoordende eedsverklaring: para 38, pp 66 en 67.**

"Gedurende Desember 1999 het die applikant, in 'n gesprek waar ek, die vierde respondent en die oorledene teenwoordig was, uiters onvanpas en in swak smaak opgemerk dat die oorledene in jare nie seksueel met haar verkeer het nie aangesien hy [volgens haar] impotent was. Die oorledene het ontken dat hy impotent was en as rede vir die afwesigheid van 'n seksuele verhouding aangedui dat enige fisiese kontak tussen hom en die applikant vir hom ondenkbaar was. Terwyl die applikant by die oorledene in die huis te Odendaalstraat gewoon het, het sy altyd haar eie slaapkamer gehad."

- [11] Alhoewel die applikante nie pertinent hierdie bewerings ontken nie, is dit nietemin uit haar omskrywing daarvan as "**vals**" duidelik dat sy haar nie met die derde respondente se weergawe ten aansien daarvan vereenselwig nie en dat sy dit inderdaad betwis. Wat die betrokke bewering betref dat die applikante altyd haar eie slaapkamer gehad het terwyl sy en die oorledene saamgewoon het, is die applikante se getuienis daaromtrent dat sy en die oorledene altyd in een kamer geslaap het behalwe gedurende tydperke wat die oorledene van operasies herstel het, omdat dit in daardie omstandighede vir die oorledene meer gemaklik was om alleen in die bed te slaap³ In ieder geval, selfs indien die sou plaasgevind het soos deur die derde respondente beskryf, is die onderliggende strekking daarvan myns insiens nie noodwendig onversoenbaar met die applikante se bewerings oor die aard van

³ Repliserende verklaring: para 33.2, p 163.

haar en die oorledene se saamleefverhouding nie. Hoe part ye met mekaar en teenoor mekaar in verskillende situasies reageer, is

meestal vir derde party aanhoorders of toeskouers - soos die derde respondente in die onderhawige geval - duister. Bowendien, wat

beteken die oorledene se opmerking "**...dat enige fisiese kontak tussen hom en die applikante vir hom Myns ondenkbaar was**"?

insiens, het die oorledene nie daardeur ontken dat hy en die

applikante nie vroeër wel 'n seksuele verhouding gehad het nie. Met

ander woorde sy opmerking kan moontlik slaan op 'n bepaalde, of selfs 'n latere fase, in hulle lewe toe seksuele verkeer vir hom

ondenkbaar was of geword het. Daar is geen werklike en wesenlike aanduiding in die derde respondent se antwoordende eedsverklaring dat sy in staat is om die applikante se getuienis oor die aard van haar en die oorledene se verhouding te betwis nie.

Soos ek reeds vermeld het, berus die derde respondente se

getuienis in hierdie verband grootendeels, indien die uitsluitlik nie, op hoarse bewerings. Daar is ook geen getuienis oor hoe gereeld

die derde en vierde respondente by die applikante en die oorledene gekuier het nie. Die indruk wat 'n mens uit die eedsverklarings

kry, is dat hulle mekaar nie gereeld gesien het nie. Gevolglik is dit

ook nie verbasend dat die derde respondente haar hoofsaaklik op sodanige hoarse bewerings moes verlaat om die applikante se getuienis

te probeer bevraagteken nie. Daarteenoor is daar direkte en

objektiewe getuienis wat op 'n baie hegte en intieme verhouding tussen die oorledene en die applikante dui.

[12] Die faktore wat juis dui op 'n hegte en intieme verhouding tussen hulle is die volgende:

[12.1] Eerstens, die feit dat die oorledene as 'n afhanklike op die applikante se mediese skema geregistreer is;

[12.2] tweedens, die feit dat hulle, d.i. die applikante en die oorledene, bykans vir twintig jaar saam was, waartydens die applikant omgesie het na die gemeenskaplike huishouding; e n ke

[12.3] derdens, die feit dat die applikante en die oorledene se saamleefverhouding van so 'n aard was dat een van die oorledene se vriende, wat terselfdertyd ook hulle buurman was, dit goedgevind het om die oorledene aan te spreek oor die feit dat hy nie met die applikante in die huwelik getree het nie. Die betrokke vriend en buurman, ene mnr Kruger ("Krugei"), was ook 'n ouderling in die kerk gewees. Volgens

Kruger het hy in laasgenoemde hoedanigheid dit sy plig geag om⁴:

"... van tyd tot tyd met die oorledene te praat oar die feit dat hy nie met die Applikant in die huwelik tree nie maar saam met haar bly".

Kruger verklaar voorts dat hy en die oorledene dikwels by mekaar gekuier het en diep gesprekke met mekaar gevoer het. Hoewel Kruger verhuis het kort voordat die oorledene te sterwe gekom het, het hy steeds met die oorledene kontak behou. As die oorledene se vriend en buurman sou Kruger, na my mening, 'n genoegsame geleentheid gehad het om kennis op te doen van die aard van die oorledene en die applikante se Dit is ook opvallend dat die verhouding. oorledene nooit teenoor Kruger die aard van sy verhouding met die applikante probeer verdoesel het nie deur,

byvoorbeeld, voor te gee dat hulle slegs in dieselfde woning gewoon het vir ekonomiese redes. Indien hulle verhouding inderdaad een was wat bloot op ekonomiese grondslag

gevestig was, sou die oorledene myns insiens onmiddellik daardie standpunt teenoor Kruger ingeneem het toe hy deur

⁴Kruger se eedsverklaring (Aanhangsel"CM8"): paragraaf 6, p 41.

laasgenoemde gekonfronteer was oor die feit dat hulle
skynbaar verkies het om saam te woon eerder as om in
die
huwelik met mekaar te
tree;

[12.4] vierdens, die feit dat die oorledene kennelik besorg was
oor

die applikante se toekoms indien hy sou wegval. In
hierdie
verband was die oorledene se uitgesproke bedoeling
om die
applikante te Daarvan is daar talle
begunstig. objektiewe
Voorbeelde⁵ Onder andere, vermeld mm Johan Leon

Craven ("Craven") in 'n eedsverklaring wat hy gemaak
het,
welke eedsverklaring aangeheg is by die applikante se

repliserende eedsverklaring, dat twee Sanlam
annu"iteits
polisse van die oorledene op 1 Julie 2003 betaalbaar
geword

het. Craven se verdere getuienis hieromtrent lees

soos
Volg⁶

:

**"4 Aangesien ek op daardie stadium aandag aan
die aangeleenthede van ... [die oorledene] ...
gegee het, het ek 'n besoek tuis by... [die
oorledene] ... afgelê.**

⁵ Kruger se eedsverklaring (Aanhangsel "CMS"): paragraaf 7, P 41.

⁶ Craven se eedsverklaring (Aanhangsel "R9"): p 219, veral paragrawe 3 tot 5, P 220.

5. **Beide ... [die oorledene] ... en ... [die applikante] ... was teenwoordig tydens die gesprek oor die twee San lam polisse.**
6. [Die applikante] **... was reeds genomineer as die begunstigde op beide die polisse. Die oorledene het my versoek om die fondse sodanig te be/e dat daar 'n maandelikse inkomste daaruit sou wees en indien hy sou stert, 'n kapitaal bedrag [sic] aan ... [die applikante] ... beskikbaar sou wees.**
7. **In terme van die oorledene se opdragte het ek 'n Sanlam Kapitaalbouers opsie polis polisnommer 18791164 x 9 laat uitneem. Hiervolgens was 'n maandelikse paaie ment van R313,21 aan die oorledene betaal en by sy afsterwe 'n bedrag van R51 709,76 aan die**
8. **Applikant. Deurgaans tydens die samesprekings met die hantering van die polis en die opbrengs daarvan het ek die idee gekry dat daar 'n groot ooreenstemming tussen die partye was en het hulle die aange/eentheid inderdaad in vrede en liefde hanteer. Die oorledene het vrywillig en na sy eie keuse die nuwe polis so uitgeneem."**

Die derde en vierde respondente het nie vir 'n

geleentheid gevra om met, onder andere, Craven se getuienis in 'n verdere eedsverklaring te handel nie⁷. Die

derde respondente se getuienis bevestig in ieder geval

⁷ **Sigaba v Minister of Defence and Police and Another**, 1980 (3) 535 (TkSC) te 550 F - H.

hierdie besorgdheid van die oorledene teenoor die applikante⁸; en

[12.5] vyfdens, het die applikante, sonder om enigsins
] daaroor te aarsel, uit haar eie finansies vir die oorledene se begrafniskoste betaal. Die derde en vierde respondente, by monde van lassingenoemde, wou nie enige bydrae daartoe maak nie⁹

[13] Met inagneming van al die voorgaande faktore is ek van mening dat die applikante inderdaad bewys het dat die aard van haar saamleefverhouding met die oorledene eerder die was van man en vrou as bloot 'n "**ekonomiese reëling**" soos die derde en vierde respondente probeer voorhou. Die inhoud van die derde en vierde respondente se getuienis tot die teendeel is nie voldoende om afbreuk te doen aan die kwaliteit en totaliteit van die onbetwiste getuienis wat deur die applikante voorgele is nie.

[14] Ek keer nou terug na die geleentheid waartydens die oorledene sy testamen op 17 Januarie 2005 onderteke het in die t n

⁸ Antwoordende eedsverklaring: para 26, p 61.

teenwoordigheid van die applikante en Meyer. Soos reeds gemeld, kon die derde en vierde respondente kwalik die omstandighede waaronder die testament opgestel en onderteken is, ontken. Ek het reeds aangedui dat hulle dit nogtans probeer doen het. Die tweeledige werkswyse wat hulle in hierdie verband gevolg het, was as volg:

[14.1] Eerstens, het hulle op sterkte van sekere hoerse bewerings van die tweede respondent aangevoer dat die testament nie op die tydstip wat die applikante en Meyer aanvoer dit onderteken is, naamlik om ongeveer 11 h15 op Maandag, 17 Januarie 2005, ten tyde van 'n welwillendheidsbesoek wat Meyer aan die oorledene en die applikante gemaak het, plaasgevind het nie. Meyer verklaar immers dat sy spesiaal die besoek gemaak het omdat sy daarvan bewus was dat die oorledene die volgende dag vir 'n operasie hospitaal toe sou gaan. Die derde respondente se ontkenning van hierdie weergawe van Meyer, berus bloot daarop dat die tweede respondent na bewering vir die vierde respondent sou meegedeel het dat die applikante aan hom, d.i. die tweede

⁹ Repliserende eedsverklaring: paragraaf 88, p 202.

respondent, gemeld het dat sy en die oorledene besig was om aandete te geniet op Maandag, 17 Januarie 2005, toe haar vriendin (d.i. Meyer) opgedaag het om die oorledene sterkte toe te wens vir sy komende operasie, waarop die oorledene vir Meyer dan sou gevra het om sy testament as getuie te onderteken aangesien hy 'n klein verandering daarop aangebring het¹⁰. Geen beedigde verklaring is van

die tweede respondent gekry om hierdie hoorse bewering na behore te ondersteun nie. In die lig van die applikante en Meyer se onderskeie beedigde verklarings oor die gebeure op 17 Januarie 2005 kan daar, myns insiens, geen gewig aan hierdie hoorse bewering(s) gegee word nie. In ieder geval, met inagneming van die bepaling van artikel 3(1)(c) van die Wysigingswet op die Bewysreg, 1988, is ek ook nie van oordeel dat daardie getuienis in die belang van geregtigheid toegelaat behoort te word. Die faktore nie. waarna ek hierdie verwys is elkeen van die faktore wat vermeld word in artikel 3(1)(c)(i) tot (vii) van daardie Wet;

¹⁰ Antwoordende eedsverklaring: paragraaf 75.1, P 86.

[14.2 tweedens, is die bepaling wat in die testament
] uiteengesit is deur die derde respondente ontleed en telkens het sy

beweer en aangevoer dat 'n bepaalde bate of nie daarin tuishoort nie of dat 'n bate wat wel daarin tuishoort,

andersins nie daarin genoem word So, nie. byvoorbeeld, beweer die derde respondente dat¹¹:

"Ingevolge die oordele se [beweerde] testament, [aanhangsel CM5 tot die applikant se funderende beedigde verklaring] word daar gehandel met die volgende bates:

- 5 ***Die woonhuis te Odendaalstraat***
- 3.1 ***63, Klerksdorp;***

- 5 ***Bruinkleurige***
- 3.2 ***sitkamerstel;***
- 5 ***Ovaalvormige swart***
- 3.3 ***eetkamerstel en buffet;***

- 5 ***Alle meublement, TV's, video***
- 3.4 ***masjiene [sic], dekordeerders [sic] ens., tans in die woonhuis te Odendaalstraat 63;***
- 5 ***Die Mazda bakkie;***
- 3.5
- 5 ***Annui"teitspolisse [Sanlam en***
- 3.6 ***Liberty Life];***

- 5 ***Belegging by Eerste Nasionale***
- 3.7 ***Bank;***
- 5 ***Alle los goedere soos***
- 3.8 ***gereedskap en spaardele;***

¹¹ Antwoordende eedsverklaring: paragrawe 53 en 54, pp 73 tot 78; para 69, p 83.

word óf niss daarin vermeld word nie, en, andersyds, kan 3.9 daar ook 53.1 redelike verduideliking daarvoor bestaan. 0 "voertuie."

Verwagende bespreking met die derde respondent¹², dat die applikante verstaan word dat dit aan die hand van die applikante se vergaande dienaarlike aspekte wat sy identifiseer het met betrekking tot die oorledene se testament en wat waarom die aarde in sy testament melding gemaak het, van die feit standhede dat die derde respondent die woonhuis moet erf te wylte wees aan een van die volgende redes:

hy reeds gedurende 1988 die gemelde onroerende eiendom

(a) Dat die oorledene nie enige twis oor die kwessie te Odendaalstraat 63 aan haar en die vierde respondent verkoop het¹³. Die vraagteken wat daartoe ontstaan, is ondertekening

van die testament bykans sewentien jaar lank in natuurlik waarom die oorledene, terwyl hy al us die huis bewus was woonagtig was nadat hy dit aan die derde ook die woonhuis aan die derde respondent sou bemaak het¹⁴. Myns insiens is enige bespreking van die testament verkoop het;

se bepalings in die lig van die vrae wat die derde

(b) dat dit ook te wyte kon gewees het aan die respondent se bewoording daaromtrent stel, taamlik Die redes van klousule 3(d) van die skikkingsooreenkoms daarvoor is, enersyds, dat daar etlike nie-sinistere redes kan hore van sy voormalige eggenote, welke skikkings bestaan waarom sekere bates of in die testament vermeld ooreenkoms onder andere bepaal het dat indien hy [d.i.

¹² Antwoorde op eedsverklaring: paragraaf 54, pp 74 tot 78. op datum van afsterwe dat dit aan die kinders

¹³ Antwoorde op eedsverklaring: paragraaf 54.1, P 75. bemaak moes word onderworpe aan 'n vruggebruik ten

¹⁴ Testament (aansien "CM5"): klousule 3, p 28. van sy voormalige eggenote;

- (c) dat dit ook kon wees dat die koopprys ten aansien van die eiendom nooit ten volle is nie en dat die oorledene ook nie 'n dispuut daaroor wou laat ontstaan nie.

Op soortgelyke wyse – so het mnr Schabort altans betoog – kan daar 'n nie-sinistere rede en 'n redelike verduideliking bestaan of gevind word vir al die vraagtekens wat die derde respondente geopper het. Ek stem saam met hierdie betoog en is ook van mening dat die applikante se antwoorde¹⁵ daarop redelike en nie-sinistere verklarings verskaf vir al die derde respondente se vrae¹⁶ oor die beweerde eienaardighede in die oorledene se testament. Ofskoon die derde en vierde respondente nêrens die egtheid van die testament of die egtheid van die handtekening daarop bevraagteken het nie, is die derde respondente se bevraagtekening daarvan myns insiens niks meer as 'n poging tot verdagmakery.

¹⁵ Repliserende eedsverklaring: paragrawe 48 tot- 55, pp 175 tot 187.

¹⁶ Antwoordende eedsverklaring: paragraaf 54, pp 74 tot 78

-20-

[15] Die omstandighede waaronder die testament opgestel en onderteken is, word in detail deur die applikante behandel in the vestigende eedsverklaring¹⁷. Daardie onbetwiste getuienis dui geensins op enige bedrog of onbehoorlike beïnvloeding aan die kant van die applikante nie. Soos Meyer vermeld in haar stawende eedsverklaring, het die oorledene die testament onderteken tydens haar besoek en het dat die oorledene in daardie stadium in 'n goeie en vriendelike luim verkeer het. Mnr JS Griesel, wat namens die derde en vierde respondente verskyn het, het wat die feite betref, muns insiens, korrek toegegee dat daar geen sprake kan wees van enige bedrog of onbehoorlike beïnvloeding wat die applikante ten laste gelê kan word nie.

[16] Mnr Griesel het egter van een beweerde gebeurtenis veel probeer maak. Ek het tot dusver geensins na hierdie gebeurtenis verwys nie. Die betrokke gebeurtenis hou verband met 'n gesprek wat na bewering tussen die oorledene en die vierde respondent plaasgevind het op of omtrent

10 Januarie 2005 tydens 'n besoek wat die oorledene aan Johannesburg gemaak het. Die rede vir die

¹⁷ Vestigende eedsverklaring: paragrawe 13 en 14, pp 12 en 13, gelees met Meyer se stawende eedsverklaring (aansluiting "CM6"): pp 30 tot 33, veral paragraaf 3, pp 31 en 32.

-21-

oorledene se besoek aan Johannesburg het verband gehou met 'n mediese ondersoek wat hy by die Sunninghill Hospitaal moes ondergaan. Op of omtrent 9 Januarie 2005, synde die aand voor hierdie mediese ondersoek, het die oorledene by die derde en vierde respondente tuis gegaan en daar oornag. Die volgende dag, d.i. 10 Januarie 2005, het die vierde respondent die oorledene na die hospitaal vergesel waar die oorledene opgeneem is vir die betrokke ondersoek. Nadat die oorledene laat dieselfde dag ontslaan is, het die vierde respondent hom by die hospitaal ontmoet en daarna uit die stad begelei vir sy terugreis na Klerksdorp. Voordat dit egter gebeur het, het die vierde respondent eers vir die oorledene na 'n aapteek geneem waar hulle saam gewag het vir die oorledene se voorskrifmedikasie. Dit is tydens hierdie geleentheid wat die beweerde gebeurtenis plaasgevind het. Ten aansien van

hierdie gebeurtenis verklaar die derde respondente – welke gebeurtenis bloot deur die vierde respondent in sy beëdigde verklaring bevestig word¹⁸ – as volg¹⁹:

¹⁸ Vierde respondent se bevestigde eedsverklaring (aanhangsel “B”): pp 103 tot 105, veral paragraaf 2 op p 104

¹⁹ Antwoordende eedsverklaring: paragrawe 31 en 32, pp 63 en 64.

“31 Tydens hierdie geleentheid het die oorledene met die vierde respondent begin gesels oor sy komende operasie. Die vierde respondent kon aflei dat die oorledene bang was om vir die operasie te gaan.

32 Die oorledene wou skynbaar verseker dat sy testament in orde is en het van die vierde respondent verneem of enige iemand ‘n testament kan opstel. Dit verdien vermeld te word dat die vierde respondent voorheen by die boedelafdeling van ‘n bank gewerk het en as sulks kennis dra van die opstel van testamente en die rapportering van bestorwe boedels. Die vierde respondent het aan die oorledene veruidelik dat enige iemand ‘n testament kan opstel solank die testament voldoen aan sekere statutêre vereistes en formaliteite. Die vierde respondent het spesifiek benadruk dat die testament voluit deur die testateur onderteken moet word aan die einde van elke bladsy en dat daar minstens twee onpartydige getuies in die teenwoordigheid van die testateur moet teken. Die vierde respondent het ook benadruk dat daar van weggebly moet word om familie en vriende die testament as getuies te laat teken en aan die oorledene veruidelik dat erfgename nie ook as getuies mag teken nie, aangesien dit hulle sou diskwalifiseer om te erf.”

[16] Op grond van hierdie beweerde gebeurtenis, het mnr Griesel aangevoer dat die afleiding onafwenbaar is dat die oorledene, terwyl hy met hierdie kennis oor testamentêre vereistes gewapend was, doelbewus vir die applikante versoek het om sy testament te onderteken juis om haar as erfgenaam te diskwalifiseer van die bemaking wat hy so pas tevore daarin ten gunste van haar gestipuleer het.

[17] Dit staan onbetwis dat die oorledene by vroeëre geleenthede reeds ander testamente verly het. Waarom hy op dié betrokke dag ewe skielik en juis by daardie geleentheid sodanige advies by die vierde respondent sou aangevra het, kom gevolglik vreemd voor. Vir die

-23-

huidige is ek egter genoop om te aanvaar dat sodanige gesprek plaasgevind het. Wat ek egter nie aanvaar nie is die siniese en koelbloedige optrede wat mnr Griesel aan die oorledene probeer toedig. Die redes waarop die betrokke submissie na my mening verregaande is, is die volgende:

[17.1]Die oorledene was veral daaroor besorg gewees en wou vermy dat daar enige twis tussen die derde respondente en die applikante ontstaan nadat hy te sterwe kom. Toe

ek vir mnr Griesel vra waarom die oorledene hom, terwyl hy juis daaroor besorg was om enige twis tussen die derde respondente en die applikante te vermy, doelbewus sou wend tot optrede wat ongetwyfeld 'n twis sou ontketen, was mnr Griesel se berbasende – en moet ek sê ietwat skokkende – antwoord daarop dat die oorledene juis dan nie meer teenwoordig sou wees om enige sodanige twis meet te maak nie. Dié antwoord strook nie met die oorledene se uitgesproke wens teenoor die derde respondente nie, naamlik dat hy enige twis tussen haar en die applikante wou verhoed wanneer hy te sterwe kom;

[17.2]tweedens, indien die oorledene wel sou opgetree het soos wat Mr Griesel gesuggereer het, sou dit beteken dat die

-24-

oorledene op 'n slinkse en oneerlike wyse vir die applikante sou wou laat glo dat sy iets erf, terwyl hy juis op 'n voorbedagte wyse haar wou te na kom. Daar is geen getuienis wat enige sodanige afleiding regverdig nie. Inteendeel druis dit in teen die oorledene se

uitgesproke bedoeling, asook al sy optredes wat juis daarop gemik was om die applikante te begunstig;

[17.3]derdens, dra niemand enige kennis van die oorledene se werklike innerlike gemoedstoestand op die tydstip wat hy die beweerde medelings aan die vierde respondent sou gemaak het nie. Op die derde en vierde respondente se eie weergawes was die oorledene bang gewees vir die operasie wat hy moes ondergaan. Tot watter mater sy gedagtes oor die komende operasie sy gemoedstoestand oorheers het is duister, maar dit kon ewe seer tot gevolg gehad het dat hy weinige, indien enige, aandag bestee het aan die vierde respondent se mededelings. Wat 'n verdere uitwerking op die oorledene se gemoedstoestand en die werking van sy gedagtes kon gehad het, is die graad van moegheid waaronder hy op daardie tydstip verkeer het. Dit is duidelik dat die dag se gebeure sy tol van die oorledene geëis het – dermate so dat hy te moeg

-25-

was om deur te reis Klerksdorp toe en dat hy eerder verkies het om by die applikante se suster en broer in

Randfontein te oornag op die aand van 10 Januarie 2005. Myns insiens, kon al hierdie gebeure so 'n invloed op die oorledene gehad het dat hy nie die vierde respondent se advies oor testamentêre vereistes met die nodige aandag en/of enige sinistere bedoelings geadsorbeer het nie.

[18] Met inagneming van al die tersaaklike onbetwiste feite is daar, na my mening, geen rede waarom die applikante nie met haar aansoek kan slaag nie. Soos reeds gemeld, het die derde en vierde respondente, by monde van hulle advokaat, aanvaar dat die applikante nie enige bedrog gepleeg het nie en dat het sy ook nie met enige onbehoorlike motiewe opgetree het nie. Dit is eweseer duidelik dat die respondente ook nooit so iets teen die applikante sou kon beweer en/of bewys nie.

[19] Wat artikel 4A(2)(a) van die Wet op Testamente betref, is uiteenlopende submissies daaroor gemaak. So, byvoorbeeld, het mnr Schabort namens die applikante aangevoer dat by ontstentenis van enige bewese bedrog of onbehoorlike beïnvloeding, die applikante sondermeer geregtig sou wees op die aangevraagde bevel. Mnr Schabort het ook betoog dat sodra dit vasstaan dat daar

'n afwesigheid van bedrog of onbehoorlike motiewe is, 'n hof se diskresie beperk is. As't ware, volgens dié betoog soos ek dit verstaan het en ook soos mnr Schabort dit verder ontwikkel het, sou ek dan inderdaad verplig wees om 'n bevel te maak ingevolge artikel 4A(2) van die Wet op Testamente. Die rede daarvoor, so het mnr Schabort voorts betoog, is omdat die wetgewer bedoel het dat die woord "**kan**" in artikel 4A(2)(a) van die Wet op Testamente inderdaad "**sal**" of "**moet**" beteken.

[20] Mnr Griesel het 'n teenoorgestelde betoog gelewer. Volgens mnr Griesel beteken die woord "**kan**" in gemelde artikel presies net dit, d.w.s dat 'n hof gemagtig is om so 'n bevel te verleen, maar nie daartoe verplig is nie. Selfs wanneer dit vasstaan dat daar geen onderliggende bedrog of oneerlike beïnvloeding in 'n gegewe geval is nie, het die persoon wat uit hoofde van artikel 4A(1) van die Wet op Testamente gediskwalifiseer is om enigiets van 'n oorledene te erf, steeds die bewyslas om die hof te oorreed waarom sodanige diskresie ten aansien van daardie persoon uitgeoefen moet word.

[21] Na my mening is daar veel te sê ten gunste van mnr Griesel se standpunt oor hoe die artikel uitgelê moet word. Gevolglik is

ek nie oortuig dat dit enigsins moontlik is om die artikel te vertolk op die wyse wat mnr Schabort aan my voorgehou het nie. Myns insiens, is

-27-

dit ook nie nodig om hieroor 'n definitiewe standpunt te huldig nie, omdat, selfs op mnr Griesel se voorgestelde vertolking vand ie betrokke artikel²⁰, is ek van mening dat die applikante daarin geslaag het om haar van die vereiste bewyslas te kwyt. Ek is gevolglik tevrede dat ek my diskresie ten gunste van die applikante kan en behoort uit te oefen ingevolge artikel 4A(2)(a) van die Wet op Testamente.

[22] Wat die kwessie van koste betref, het mnr Schabort gevra dat ek 'n kostebevel ten gunste van die applikante moet toestaan. Mnr Griesel het daarenteen betoog dat in welke party se guns ek ookal bevind, ek onder alle omstandighede behoort te gelas dat alle kostes uit die oorledene se boedel betaal moet word. Ek het deeglik oor hierdie betoog besin en is van oordeel dat dit onbillik sou wees teenoor die applikante om so 'n bevel te maak. Die eerste rede daarvoor is dat die derde en vierde respondente oor weinige, indien enige, feitlike gegewens beskik het om die applikante se aanspraak op die aangevraagde regshulp te ontsenu. Daarbenewens bestaan

daar ernstige vrae oor die werkswyse wat hulle in die verband gevolg

²⁰ Mnr Griesel se voorgestelde vertolking daarvan vind in ieder geval byval by my.

-28-

het. Soos ek reeds opgemerk het, was hulle werkswyse ingestel gewees op blote verdagmakery. Tweedens, is die geldbedrag wat die applikante uit die oorledene se boedel staan te ontvang nie wesenlik nie en sou dit myns insiens ook verkeerd wees dat die derde en vierde respondente enige voordeel daaruit ontvang in die lig van hulle ontoepaslike opponering van hierdie aansoek. Gevolglik word 'n bevel ten gunste van die applikante toegestaan ingevolge bede 1 van haar kennisgewing van mosie en die derde en vierde respondente word gelas om gesamentlik die koste van hierdie aansoek te betaal.

E W DUNN
WAARNEMENDE REGTER
HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
15 Februarie 2007

